


SK forum 27/9/13



William Benn, Veronique Michaels en Marvin John Michaels by die nuwe vuur risiko kennisgewingsbord.



Die vuur risiko kennisgewingsbord van naderyb.

# Vuur risiko kennisgewingsbord handig

STILBAAI – CapeNature het Donderdagoggend, 19 September 'n *'Fire Risk'*-kennisgewingsbord opgerig voor die plaaslike munisipale gebou in Hoofweg-wes waar dit baie sigbaar is.

Die kennisgewingsbord bevat belangrike inligting rakende die verskillende vuur risiko stadiums. Die stadiums word aangedui in kleure: Blou - laag, groen - matig, geel - gevaaarlik, oranje -baie gevaaarlik, rooi - uiters gevaaarlik. Die handige wyser op die kennisgewingsbord sal daagliks geskuif word na die stadium van die dag.

## Blou (laag)

Vuur gevaaar indeks 0-20, gedrag van vuur is veilig, vlamhoogte 0 tot 1m, vure behoort nie te begin nie, maar indien 'n vuur wel begin behoort dit stadig te versprei en sonder brandbestryding self te blus. Daar is min vlamme en intensiteit is laag. Geen voorsorgmaatreëls is nodig nie, maar indien dit 'n beheerde brand is, is 'n wettige permit nodig.

## Groen (matig)

Vuur gevaaar indeks 21-45, gedrag van vuur is matig, vlamhoogte 1 tot 1.2m, vure kan ontstaan naby kampvure. Verspreiding is stadig in woudagtige gedeeltes en matig in oop areas. Beheerde brande mag aangestek word, maar moet verantwoordelik beheer

word.

## Geel (gevaarlik)

Vuur gevaaar indeks 46-60, gedrag van vuur gevaaarlik, vlamhoogte 1.2 tot 1.8m, vure begin maklik en kan vinnig versprei. Uitermatige beheer moet toegepas word tydens beheerde brande.

## Oranje (baie gevaaarlik)

Vuur gevaaar indeks 61-75, gedrag van vuur baie gevaaarlik, vlamhoogte 1.8 tot 2.4m, vure kan baie vinnig begin en versprei na bebosde en Fynbos areas. Kontrole kan moeilik wees en is brandbestryding bystand nodig.

## Rooi (uiters gevaaarlik)

Vuur gevaaar indeks 76-100, gedrag van vuur uiters gevaaarlik, vlamhoogte 2.4+m, vure kan baie vinnig ontstaan en kan vinnig handuitruk. Die tipe vuur is gevaaarlik vir mens en dier en kan dit moeilik wees om te beheer.

## IN SHORT

A 'Veld Fire Risk' information notice board was erected by Stilbaai CapeNature. It indicates the different stages of veld fire risk and will be updated daily. The different stages are: Blue (low), Green (moderate), Yellow (dangerous), Orange (very dangerous) and Red (extremely dangerous).